NG GEMEENTE VRYBURG-WES

As ‘n Jesus-liefde-in-aksie-gemeente wil ons graag die dienste bekom van ‘n daartoe geroepe, dinamiese en toegewyde leraar wat die wese van ‘n plattelandse gemeente verstaan en sal omhels.

In biddende afhanklikheid van ons Here, rig ons dus hiermee ‘n hartlike uitnodiging aan u om aansoek te doen vir die leraarspos:

Vakature: Voltydse leraarspos

Gemeenteprofiel: Die goed gevestigde plattelandse gemeente val binne die grense van die Noordkaapse Sinodale gebied en is saamgestel uit ‘n gesonde verspreiding van jong gesinne, dorps- en plaasfamilies (Ongeveer 325 besoekpunte). Die plaaslike ouetehuis en dienssentrum val binne ons gemeentegrense.

Leraarsprofiel: Gelegitimeerde NG Kerk predikante vanuit ‘n wye spektrum betreffende dienswerk- en ervaringsprofiel. Vorige ervaring as leraar is aan te bevole maar nie ‘n noodwendige vereiste nie.

Ampspligte en verwagtinge: Ingevolge Art 9 van die Kerkorde. Betrokkenheid by kerkverwante gemeenskap-strukture sal ook deel van die leraar se aktiwiteite uitmaak.

Vergoeding: Salarispakket onderhandelbaar volgens sinodale skale en byvoordeelstrukture. Die gemeente beskik oor ‘n ruim pastorie.

Aansoeke: Stuur ‘n onlangse CV met referente aan:
Die Skriba per e-pos aan ngvryburgwes@lantic.net of faks dit na 053 927 3476. Alternatiewelik kan dit gepos word na Posbus 277 Vryburg 8600.

Sluitingsdatum: 6 April 2018

Kandidate wat die kortlys haal moet, waar moontlik saam met hul gades, vir onderhoude en preekbeurte beskikbaar wees. Die datum van diensaanvaarding sal dan bepaal word.

Navrae: Ds Piet Nel 083 320 7191. Freduan Smit 082 406 9071 (Leierouderling).

Die Kerkraad behou die reg voor om sonder ‘n opgaaf van redes, nie ‘n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.